higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4

(21010014)

30 September 2020 (X-vraestel)
09:00–11:00

Hierdie vraestel bestaan uit 4 bladsye.

139Q1B2030

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE PUBLIEKE ADMINISTRASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.12) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.1.1 Kameraderie beteken dat die vrou se rol in die gesin slegs dié van opvoeder en tuisteskepper is.

1.1.2 Die egalitêre stelsel is 'n stelsel van ongelykheid.

1.1.3 Adjunkministers maak nie deel van die kabinet uit nie.

1.1.4 Een van die bevoegdhede van die premier is om oortreders te begenadig.

1.1.5 Provinsies het hul eie regterlike instellings.

1.1.6 Die Onafhanklike Verkiesingskommissie (OVK) verseker vry en regverdige verkiesings.

1.1.7 Die wetgewende en uitvoerende gesag van die munisipaliteit is in die munisipale rade gesetel.

1.1.8 Een van die grootste doelwitte van plaaslike regering is om die lewering van dienste aan gemeenskappe te verseker.

1.1.9 Die president moet lede van die uitvoerende raad aanstel.

1.1.10 Parlementêre wette mag nie provinsiale wetgewing vervang nie.

1.1.11 Die uitvoerende burgemeester moet die behoeftes van die munisipaliteit identifiseer.

1.1.12 Die landdroshowe het die gesag om oor grondwetlike aangeleenthede te beslis.

(12 × 2) (24)

1.2 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur slegs die term langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

1.2.1 Bestaan uit 'n regter-president en een of meer adjunk-regters-president.

1.2.2 Is verantwoordelik daarvoor om wetsontwerpe na die provinsiale wetgewer terug te verwys vir heroorweging.

1.2.3 Die titel van die uitvoerende staatshoof.

1.2.4 Gesag om wette ingevolge 'n grondwetlike privilegie te maak.

Kopiereg voorbehou

1.2.5 Dit moet deur albei Huise van die Parlement aangeneem word, dit wil sê deur die Nasionale Vergadering en die Nasionale Raad van Provinsies.

1.2.6 Dit neem wetgewing of wette aan.

1.2.7 Administreer elke deel van die verkiesings om seker te maak hulle is vry en regverdig.

1.2.8 'n Stelsel waarvolgens 'n staat of gemeenskap bestuur word.

(8 × 2) (16)
[40]

TOTAAL AFDELING A 40

AFDELING B

VRAAG 2

2.1 Een van die beginsels van demokrasie is die waarborg van basiese regte en vryheid.

Noem enige VYF beginsels waarop 'n demokratiese staat gegrond is.
(5 × 2) (10)

2.2 Noem en verduidelik kortliks die rol en funksies van verskillende rolspelers in die openbare sektor. (5 × 2) (10)

2.3 Verduidelik die doelwitte van plaaslike regering soos dit in die Grondwet gestipuleer word.
(5 × 2) (10)

2.4 Wat is die uitwerking van inflasie op die Suid-Afrikaanse ekonomie? (4 × 2) (8)
[38]

VRAAG 3

3.1 Noem enige DRIE persone wat hulle nie verkiesbaar kan stel om tot die Nasionale Vergadering verkies te word nie. (3 × 2) (6)

3.2 Noem en bespreek DRIE maniere waarop die regering inflasie kan beveg.
(3 × 2) (6)

3.3 Verduidelik kortliks die DRIE regeringsvlakke. (3 × 2) (6)

3.4 Definieer die doel van die Parlement. (1 × 2) (2)

3.5 Waarvoor staan die afkorting NRP? (1 × 2) (2)
[22]

TOTAAL AFDELING B: 60
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou